

# Nuwe opbergfasiliteite in Oos-Vrystaat

**Collateral Management International (CMI), tesame met Vrystaat Mielies open binnekort 'n uitgebreide graanbergingsfasiliteit en wel in die Oos-Vrystaat.**

**Die Kommandonek-kompleks bestaande uit silo's en 'n nuwe bunkerfasiliteit van 40 000 metrieke ton is geleë op Sandstone Estates tussen Fouriesburg en Ficksburg. Adriaan Snyman, uitvoerende besturende direkteur van Vrystaat Mielies, 'n graanverhandelingsmaatskappy van Potchefstroom, het die aankondiging onlangs gedoen en gesê benewens die nuwe bunker het die silo's 'n kapasiteit van 8 000 ton vir 'n totale kapasiteit van 48 000 ton.**

Die kompleks sal namens Vrystaat Mielies deur CMI bestuur en geadministreer word. Graanverhandeling na en van die fasiliteit sal deur Vrystaat Mielies gedoen word en sowel koring as mielies sal daar hanteer word. Die kompleks sal ook 'n aantal nuwe werksgeleenthede skep, waarvan vyf voltydse poste.

Die nuwe Kommandonek-kompleks hou volgens Snyman talle voordele in, nie alleen vir die Vrystaatse graanprodusente wat jaarliks sowat 4 miljoen ton mielies lewer van die nagenoeg 1 000 ha wat hulle aanplant nie, maar ook op nasionale vlak. Snyman het aan *Afgriland* gesê boere in 'n radius van sowat 200 km om Fouriesburg en Ficksburg sal waarskynlik die grootste voordeel uit die ontwikkeling trek omdat hulle baie aan brandstof sal spaar deur nie hul graan na verder bergingsgeriewe hoef te vervoer nie. Kommandonek se ligging naby die Lesotho-grens sal egter ook meebring dat die land in geheel daarby sal baat vind omdat mielies nou van daar ook na Lesotho uitgevoer kan word, terwyl mielies wat deur die Durbanse hawe na Suid-Afrika ingevoer word, ook daar geberg sal kan word.

Die kompleks beskik ook oor 'n weegbrug, laboratorium en verskeie ander geriewe.

Snyman sê bunkergeriewe soos hierdie by Kommandonek het noodsaaklik geraak, nie omdat die bestaande betonsilo's nie meer genoeg kapasiteit bied nie, maar omdat die silo's nog onder die ou eenkanaalbemarkingstelsel opgerig is en 'n moontlike vryemarkstelsel hoegenaamd nie toe in ag geneem is nie. Hoewel die bestaande silo's volgens hom werklik van 'n hoë standaard is en heelwat bergingsplek bied, het die spelreëls in die huidige vryemarkstelsel sodanig verander dat dit intussen uitgedien geraak het en nie meer soos voorheen ekonomies aangewend kan word nie.

Die koste om so 'n bunker, wat baie beter by 'n vryemarkstelsel aangepas is, te bedryf, is volgens hom ook baie laer. Nog 'n voordeel lê in die feit dat die bunkers wel verskuifbaar is, terwyl dit glad nie met die ou silo's moontlik is nie.

CMI is 'n spesialis kollatorale bestuursmaatskappy wat 'n reeks dienste (fasiliteitbestuur, kollatorale bestuur, monitering en inspeksies) aan finansiële instellings, kommoditeitmaatskappye asook boere bied in Suid-Afrika asook verskeie ander lande in Afrika.

Sandstone Estates, waar die nuwe bunker opgerig is, het oor die jare internasionaal bekendheid verwerf vir sy bewaring van die landbougeskiedenis, kompleet met spanne Afrikaner-trekosse, veteraantrekkers en stoomvragmotors en -treine wat veral tydens hul jaarlikse Sandstone-fees in Mei groot blootstelling kry. Selfs veteraanvliegtuie soos die ou Harvard is op die fees in aksie te sien.

*Vir meer inligting oor die Kommandonek-bunkerkompleks, kontak Pauli Coetzer van Vrystaat Mielies by 018 294 2200 of pauli@fsmaize.co.za of Pieter Steenkamp v an CMI by pieter.steenkamp@cmint.co.za. Vir meer oor Sandstone Estates en hul bedrywighede, besoek www.sandstone-estates.com of skakel 011 805 4692.*

